

## CHEMIESEONKRUIDBEHEER

Die foutiewe gebruik van onkruidodders gee dikwels aanleiding tot oneffektiewe onkruidbeheer en gewasskade. Die meeste probleme kan voorkom word deur die aanwysings op die etikette te bestudeer en streng na te volg. U word wetlik verplig om dit te doen volgens kennisgewing gepubliseer in die Staatskoerant.

Onkruidodders is “wondermiddels” aangesien dit in die natuur geplaas word in komplekse interaksies met grond, omgewingstoestande en/of ander landbouchemikalië. Wat meer is, onkruidodders is plantdoders wat ongewensde plante tussen gewasplante moet beheer.

Om die doeltreffendheid van ‘n onkruidoder in die praktyk te kontroleer, is dit nodig om op ten minstens een plek in die land ‘n kontrole te laat. So ‘n kontrole bestaan uit ‘n gedeelte van 3-5 meter aan die kant van die land wat nie bespuit word nie. Hierdie onbespuite gedeelte kan ten alle tye met die gespuite gedeelte vergelyk word.

Voordat u onkruidbeheerstrategieë finaliseer word, neem die volgende in ag:

1. Inspekteer lande gereeld om probleemonkruid te identifiseer.
2. Kry advies rakende die onkruidodders, geregistreer op beide die onkruid en die gewas.

3. Gaan spuittoerusting na en kalibreer spuite akkuraat.
4. Let op etiket voorskrifte rakende spuitpunte, tyd van toediening, spuitlewering, gebruiksbepelings, mengbaarheid met ander produkte, veiligheidsmaatreëls ens.

Vir die effektiewe werking van vooropkoms onkruidodders moet diesaadbed fyn en gelyk wees. Vooropkoms onkruidodders moet in die grond ingewas word (d.m.v. reën of besproeiing) voordat dit geaktiveer kan word. Na-opkoms onkruidodders moet nooit toegedien word indien die gewas of onkruid onder spanning (bv. droogte of hoë temperatuur) verkeer nie aangesien dit die effektiewe opname van die doders benadeel. Meeste na-opkoms onkruidodders moet saam met ‘n bymiddel toegedien word om die penetrasie, adsorpsie en verspreiding kan verbeter. Verder moet daar ook bedag wees op die pH van die tenkwater en waar nodig moet ‘n buffer en/of ammoniumsulfaat bygevoeg word vir die effektiewe beheer van onkruidodders wat na-opkoms toegedien word. Wees versigtig vir spuitnewel tydens die toediening van na-opkoms doders. Reën of besproeiing binne 6-8 uur na die toediening van ‘n na-opkoms doders kan die effektiwiteit van die doders verlaag. Etiketvoorskrifte rakende die toediening van

onkruidodders op spesifieke onkruid-groeistadiums moet stiptelik nagevolg word. 'n Aspek wat kommer wek, is die verwagting dat onkruidodders seisoenlange beheer moet gee d.w.s. ses tot sewe maande. Seisoenslange nawerking is slegs moontlik onder uiters ideale toestande. Daarom word aanbeveel dat 'n onkruidbeheerprogram minstens uit twee toedienings moet bestaan. Waar wisselbou toegepas word, let op etiket waarskuwing en wagperiodes rakende opvolgwasse.

Beheer van grasonkruid in mielies (ook 'n grasgewas) bly 'n kopseer. Die nadeel van grasse is dat dit dwarsdeur die seisoen kiem. Vroegseisoen word grasse deur voor-opkoms grasdoders beheer. Kompetisie, graanbesmetting en grassaadstoring het tot gevolg dat laatseisoen grasse 'n probleem bly in die huidige en opeenvolgende seisoene. 'n Moontlike oplossing vir die beheer van eenjarige grasse is om te skoffel en/of om 'n split toediening van onkruidodders te doen. Daar is ook nou na-opkoms grasdoders geregistreer op mielies waar dit verkieslik in 'n program gespuit moet word met voor-opkoms doders met of net na plant opgevolg met na-opkoms onkruidodders wanneer grasse tussen die 4 tot 6 blaar stadium is. Hoe grootter die graspolle egter raak, hoe minder effektief sal chemiese onkruidbeheer wees. Doeltreffende werking van enige onkruidoder hang af van die effektiewe, tydig toediening van die doders sowel as van 'n goed be-

plande onkruidbeheerprogram. Elke onkruidoder bevat 'n etiket waarin grasse en/of breë blaaronkruid gelys word wat effektief deur die spesifieke aktiewe bestanddeel (of mengsels daarvan) beheer sal word. Grasse wat moeilik beheerbaar kan wees, word gewoonlik uitgesonder op die etiket en dosis-aanpassings word aanbeveel vir meer effektiewe beheer. Positiewe identifikasie van probleem onkruid is dus die grondslag van 'n goeie chemiese spuitprogram

Grasse wat moeilik beheerbaar kan wees

*Cyperus esculentus* (Yellow nutsedge/ Geeluintjie)

*Cyperus rotundus* (Purple nutsedge/ Rooiuintjie)

*Digitaria nuda* (Naked crabgrass)

*Eleusine coracana* (Goose grass/ Jongosgras)

*Sorghum halepense* (Johnson grass/ Johnsongras)

*Urochloa panicoides* (Herringbone grass/ Beesgras)

*Cynodon dactylon* (Common couch/ Kweekgras)

*Commelina benghalensis* (Wandering Jew/Wandelende Jood)

(Sien foto's op bl 124)



*Cyperus esculentus* (Yellow nutsedge/Geel-uintjie)



*Digitaria nuda* (Naked crabgrass)



*Cynodon dactylon* (Common couch/Kweekgras)



*Sorghum halepense* (Johnson grass/Johnsongras)



*Cyperus rotundus* (Purple nutsedge/Rooi-uintjie)



*Eleusine coracana* (Goose grass/Jongosgras)



*Urochloa panicoides* (Herringbone grass/Beesgras)



*Commelina benghalensis* (Wandering Jew/Wandelende Jood)